**No. 83 – 16 March 2013**

Dear friends and family

We have moved all our stuff from Choma to the banks of the Zambezi River in the Western Province of Zambia and we now have a new postal address; P.O.Box 5, Sesheke, Zambia. For those of you who do not know, we are still supporting all the orphans we had on the program back in Choma and we go back to Choma at the beginning of each new term to get the children settled back into school and into boarding. No, we still do not have permanent accommodation because we are still looking after the fishing camp till the new owner takes up residence.

**Projects and personal**

We have just returned from our annual visit to England and please allow us to thank everyone again for the wonderful time we had over there. We had such an amazing time with our brothers and sisters and friends and it was with a bit of sadness that we left England. Thank you so much to everyone who contributed to make this an unforgettable time for us. There are almost too many names to mention and so many things done for us, like all the nice meals at your homes, eating out, your homes which were open to us, the small car, storage for our stuff, donations, blood glucose test strips, DVD's and CD's for teaching, clothes for skiing, taking us to-and-fro, a camera, clothes for the orphans and to British Airways for allowing us 10 extra suitcases at no extra cost! A special thanks go to Andre and Christelle from Calgary who carried the cost for five days of skiing and for the unforgettable time we spent with you!

Benjamin, the young Zambian missionary, and Kelvin, one of our children, had been looking after the fishing camp while we were away and they also used the time well to mould more bricks for our building project. Kelvin got his grade-12 results on Friday and we are very proud of his one distinction as well as three near distinctions. Kelvin came to us five years ago with very poor results and a bleak future, looking for help and support.



*Enjoying the snow*



*Milo recovered from croc attack*

Liewe vriende en familie!

Ons het ons goedjies van Choma verskuif na die oewer van die Zambezirivier in die Westelike Provinsie van Zambië en ons het ook nou 'n nuwe posadres; Posbus 5, Sesheke, Zambië. Vir diegene wat nie weet nie, ons ondersteun nog al die weeskinders wat ons in Choma op die program ondersteun het en ons ry elke termyn terug Choma toe om al die kinders weer terug in die skool en in die koshuis te kry. Nee, ons het nog nie 'n vaste woning nie maar ons pas nog die viskamp op totdat die nuwe eienaar sy intrek neem.

**Projekte en persoonlik:**

Ons het sopas teruggekeer van ons jaarlikse besoek aan Engeland en ons wil graag die geleentheid gebruik om vir een en almal dankie te sê vir die wonderlike tyd daar. Dit was so lekker om weer saam met broers en susters en vriende te kuier dat dit eintlik moeilik was om terug te keer Afrika toe, as dit nie vir ons kinders en natuurlik Milo, die hondjie was nie! Daar was soveel lekker, dat dit onmoontlik is om almal se name te noem! Nogmaals baie dankie aan almal vir die byeenkomste wat gereël is, lekker kos by julle huise, uiteet, kuier, julle deure wat vir ons oop was, die karretjie, stoorplek, donasies, bloedsuiker-stokkies, DVD's en CD's vir opleiding, ski-klere, op-en-af-ry, 'n kamera, klere vir die kinders en selfs aan British Airways wat dit vir ons moontlik gemaak het om 10 ekstra tasse bagasie sonder enige koste saam te bring. Ook 'n baie spesiale dankie aan Andre en Christelle van Calgary wat die koste gedra het vir 5-dae se heerlike ski en die onvergeetlike tyd saam met julle!

Benjamin, die jong sendeling, en Kelvin, een van ons kinders , het na die kamp omgesien terwyl ons weg was en het fluks aangehou stene maak in ons afwesigheid. Kelvin het sy matriekuitslae Vrydag ontvang en ons is baie trots op hom! Hy het 1 onderskeiding behaal en 3 ander onderskeidings net-net gemis. Wonderlik vir 'n weeskind wat vyf jaar gelede by ons om hulp kom aanklop het met powere uitslae en geen onersteuning nie.

Kelvin wants to become a lawyer to help the poor communities in Zambia.

Our little dog, Milo, is recovering well after she was badly bitten by a crocodile but it seems that she did not have a big enough scare because she is already chasing monitor lizards around in the reeds along the river. The water level is still rising steadily and it is so high now that our little shack is totally surrounded by water and the moulded bricks are also sitting in water. The other day we also struggled to get our little trailer to dry land on the other side. Although the river is so full at the moment it is very dry in our area since it has not rained for the past fortnight and the chances of a good maize harvest are dwindling by the day. Remember most of the locals are subsistence farmers so they rely on a good maize harvest to feed the family for the next year.

**Prayer requests:**

- Please pray that God would send the right people to help especially with the planning of our building projects.
- Thank God for Milo's speedy recovery.
- Please pray for Benjamin's ministry among the local people and for receptive hearts.
- Please pray for rain.

Please follow us on facebook or visit our web site: www.kanjanji.com

Remember to send your verse of scripture for the bricks. Text it to 00260977867125

Thanks again for all your support and interest.

Blessings and peace,

Lourie and Gisela

**childrensvillage@kanjanji.com** / **www.kanjanji.com**
**www.facebook.com/Kanjanji**
✉ P.O. Box 5, Sesheke, Zambia





Kelvin wil baie graag ‘n prokureur word om arm mense te help in hul gemeenskappe.

Milo, ons hondjie wat deur ‘n krokkodil aan die rug beetgekry is, herstel mooi van die wond maar sy het heel duidelik nie groot genoeg geskrik nie want sy jaag nog steeds likkewane tussen die riete en laat haar nie afsit deur die water nie. Die vlak van die rivier is nou so hoog dat ons blyplek deur water omring word en op die foto kan jul sien hoe vol hierdie klein sytak van die rivier is dat al ons stene nou in die water is! Ons moes selfs ons waentjie met ‘n gesukkel deur die stroom kry. Hoewel die vlak van die rivier nog steeds styg, is dit baie droog hier in die weste van Zambie en die mielie-oeste lyk baie sleg. Dit het meer as 2 weke gelede geräen en die plaaslike bevolking is baie bekommerd.

**Gebedsversoeke:**

- Bid asb saam dat die Here hulp sal stuur met die beplanning van ons bouprojekte.
- Sê saam dankie vir Milo se herstel.
- Bid saam vir Benjamin se bediening en vir ontvanklike harte onder die plaaslike mense.
- Bid saam vir rëen.

Volg ons asb op FB of besoek ons opgedateerde webwerf www.kanjanji.com

En onthou asb. om jul bybelversies te stuur vir die stene! Text dit na 0026 0977867125

Nogmaals baie dankie vir jul almal se belangstelling en ondersteuning!

Sëen en vrede,

Gisela en Lourie

**childrensvillage@kanjanji.com** / **www.kanjanji.com**
**www.facebook.com/Kanjanji**
✉ P.O. Box 5, Sesheke, Zambië